



NASKOOLSENTRUM INLIGTING 2025

NB: Voltooi asseblief die Naskoolsentrum Registrasievorm op die laaste bladsy

Alle leerders wat by die Naskoolsentrum GEREGISTREER is, se skoolfonds sal gehêf word met **R1100**. U gaan dus 'n vaste bedrag per maand betaal, ongeag die aantal dae wat u kind by die naskool teenwoordig is. Leerders wat NIE GEREGISTREER is nie, sal sonder uitsondering 'n tarief van **R120 per dag** gehêf word vir elke dag wat die leerder by die naskoolsentrum teenwoordig is.

TYE VAN DIE NASKOOLSENTRUM

BETAALDE TOESIG:

Maandag tot Vrydag STIPTELIK vanaf 14:00 tot 17:00 vir geregistreerde leerders.

Daar sal geen Naskool of toesig wees op Publieke vakansiedae of op die dag wat die skool sluit vir vakansie nie.

GRATIS TOESIG BY WAGAREA:

Maandae tot Vrydae vanaf 14:00 tot 15:00. **Daar is geen onderwysertoesig.**

- Alle leerders wat om 15:00 NIE BETROKKE is by formele buitekurrikulêre aktiwiteite nie, sal na die naskoolsentrum gestuur word en u sal gehêf word vir die betrokke dag of dae. Hierdie reëling geld ongeag of u kind by die naskool ingeskryf is of nie.
- Wagarea is slegs vir Gr. 1-7 leerders.

GRAAD R TOT 3 LEERDERS

GRAAD R

- Die Gr. R leerders beweeg om 14:00 na die Grondslagfase speelgrond. Leerders speel onder toesig tot 15:00.
- 15:00 - 16:00 – Pret aktiwiteite word gedoen in K31.
- 16:00 - 17:00 – Vryspel tot leerders om 17:00 hoofhek toe geneem word.

GRAAD 1 - 3

- Leerders beweeg STIPTELIK OM 14:00 na die grondslagfase speelgrond waar hul onder toesig speel.
- 15:00 - 16:00 – Huiswerk word in onderskeie klasse gedoen (K31 en K32).
- 16:00 - 17:00 – Vryspel tot leerders om 17:00 hek toe geneem word.

Gr. R - 3 leerders wat teen 17:00 nog nie afgehaal is nie, word dan geneem na die Hoofhek in 7de Straat, waar die sekuriteitswag op diens is, tot alle leerders weg is.

Na 17:15 sal ouers **R30 ekstra gehêf word vir elke 15 minute wat die leerders nog nie afgehaal is nie.**

GRAAD 4 TOT 7 LEERDERS

MAANDAG TOT DONDERDAG

- 14:00 - 15:00 – Leerders verkeer sosiaal onder toesig.
- 15:00 - 16:00 – Leerders doen huiswerk onder toesig in K29 en K30.
- 16:00 - 17:00 – Leerders het vrytyd tot hul om 17:00 na die hoofhek geneem word.

VRYDAG

- 13:30 – 14:30 - Leerders beweeg 13:30 na die Grondslagfase speelgrond vir toesig totdat hul om 17:00 na die hoofhek geneem word. STIPTELIK om 14:00 word register geneem.
- Gr. 4 - 7 leerders wat teen 17:00 nog nie afgehaal is nie, gaan na die hoofhek in 7de Straat waar die sekuriteitswag op diens is tot alle leerders weg is.
- Na 17:15 sal ouers **R30 ekstra gehêf word vir elke 15 minute wat leerders nog nie afgehaal is nie.**

HUISWERK: KONTROLE

- Let asseblief op, dat die Naskoolsentrum nie 'n RO-sentrum is nie.
- Die onderwysers op diens hou bloot toesig, verleen hulp en sien toe, dat die leerders hulle huiswerk doen.
- Alle leerders moet 'n huiswerksakkie (Gr. 1 – 3) of 'n dagboek (Gr. 4 – 7) hê, waarin hulle huiswerk vir die dag aangeteken word.
- Indien onderwyser(es) op diens die kontakboek/ dagboek geteken het, beteken dit dat die huiswerk klaar gedoen is.
- Indien die onderwyser(es) op diens NIE die kontakboek/ dagboek geteken het nie, beteken dit dat die huiswerk nog nie klaar gedoen is, of gekontroleer is nie. Huiswerk moet dan by die huis verder gedoen/gekontroleer word.
- Die onderwysers op diens sien NIE die huiswerk na nie. Dit is die kind se klas-/ vakonderwyser(es) wat die volgende dag kontroleer of die huiswerk korrek gedoen is of nie.
- By Gr. 4 - 7 moet ouers tuis nog die studie en huiswerk kontroleer.

AFWESIGHEDE

- Die dag as u kind nie die naskool gaan bywoon nie, kan u die registeronderwyser/es per e-pos laat weet.
- 'n Register word daaglik STIPTELIK om 14:00 op Maandae tot Vrydae geneem.
- Indien u kind dus afgemerks is, betaal u vir die middag.

KLEREDRAG

- Gewone klere word aanbeveel, want so kan die skoolklere gespaar word.
- Bring asseblief 'n sportsak om klere wat uitgetrek word in te pak.
- Alle klere moet asseblief gemerk wees.
- Indien u kind per abuis met iemand anders se klere by die huis kom, stuur dit asseblief terug skool toe.

AFHAAL VAN LEERDERS

- Leerders moet deur ouers by die onderskeie areas afgehaal word. U moet ook asseblief die uittekenregister invul.
- Indien u kind VOOR 17:00 afgehaal word, moet die Gr. R – 3 leerders by K31 en K32 afgehaal word. Gr. 4 – 7 is by K29 en K30.
- Kinders word nie toegelaat om by die hekke vir u te sit en wag nie.
- Gebruik asseblief die hoofhek in 7de Straat (vanaf 13:00 tot 17:15).
- Indien iemand anders u kind kom haal, moet u ons skriftelik per e-pos (na die registeronderwyser/es) daarvan in kennis stel en hulle moet dan persoonlik die kind/ers in die naskoolregister by die naskoolklaskamer gaan uitteken.
- Indien u kind na 17:00 nog nie afgehaal is nie, gaan hy/sy na die hoofhek in 7de Straat waar die sekuriteitswag op diens is tot alle leerders weg is.
- Na 17:15 word ouers **R30 ekstra gehef vir elke 15 minute wat u kind nie afgehaal is nie.**

VOEDING

- Ons verskaf 'n toebroodjie en koeldrank om 15:00 vir elke leerder.
- Stuur asseblief 'n ekstra kospakkie saam met u kind wat hy/sy na skool kan eet.

TARIEWE 2025

- Die Naskoolsentrum funksioneer as deel van die skool en daarom moet alle betalings aan Laerskool Louw Geldenhuys gemaak word.
- U moet asseblief 'n registrasievorm voltooi sodat ons u kontakbesonderhede het. Daar sal geen betaling wees vir die registrasie nie.
- Daaglikse betalings: Die datum op u rekening is nie die datum wat u kind die naskool bygewoon het nie, maar die datum waarop die fooi gehê word.
- Gratie tot die sewende van die maand word toegestaan.
- Reël asseblief elders toesig vir u kind in die namiddae indien u nie die Naskoolsentrum kan bekostig nie, aangesien alle leerders gehê sal word wat nie by buitenuurse aktiwiteite betrokke is nie.
- TARIEWE – 2025 (Januarie tot November)

Geregistreerde leerder Gr. R - 7

'n Vaste bedrag van R1100 per maand voorafbetalbaar.

Dagtarief

R120 per dag

REKENINGE

- Alle heffings en betalings sal op u kind(ers) se skoolfondsrekening van Laerskool Louw Geldenhuys aangedui word.
- Betalings kan dus direk by die skool se Finansiële kantoor gedoen word. Die datum op die rekeninge is die heffingsdatum.

WYSE VAN BETALING

- Elektroniese/Direkte betalings:
 - Naam: Laerskool Louw Geldenhuys
 - Bank: ABSA
 - Rek. No: 0100 472 1680
 - Tak: 516805 Cresta - Randburg
 - **NB Verwysing:** U kind se naam en u rekeningnommer

SKRIFTELIKE KENNISGEWING

- Indien u kind nie meer die Naskoolsentrum gaan bywoon nie, moet u asseblief **EEN maand voor die tyd** skriftelik kennis gee.
- Indien 'n leerder hom/haar wangedra in die naskool, behou die personeel die reg voor, om so 'n leerder se ouers te skakel om u kind onmiddellik te kom haal, waarna die saak bespreek sal word. Die risiko bestaan dan dat die leerder uit die naskool geskors kan word.

BELANGRIKE INLIGTING

- Alle leerders wat na 15:00 nie betrokke is by formele skoolaktiwiteite nie, sal na die naskool geneem word. U as ouers sal dus vir die middag of gedeelte van die middag **R120** op u skoolfondsrekening gehef word. Die reëling geld ongeag of u ingeskryf is vir die naskool of nie.


NAVRAE

- Navrae oor die Naskoolsentrum kan by me. Carla Passmore (carlap@llg.co.za) gedoen word.
- Kinders wat hul ouers se toestemming het, word toegelaat om ook aktiwiteite soos Die Habitatsentrum, Kweekhuis, Kunsklas, Wiskundelab, Leeslab ens. by te woon op eie risiko. Stuur asb. 'n e-pos na die registeronderwyser/es sodat ons weet aan watter aktiwiteite die kind/ers wel deelneem.



Mnr. Martin Bensch
SKOOLHOOF





NASKOOLSENTRUM REGISTRASIE 2025

Geen koste vir registrasie nie

LEERDER/S Naam en Van			Gr.
			Gr.
			Gr.
			Gr.
Woonadres			
Vader Naam en Van:		Moeder Naam en Van:	
Vader Tel. (w)		Moeder Tel. (w)	
Vader Sel. Nr.		Moeder Sel. Nr.	
Ingeval van nood Verskaf asseblief die besonderhede van 'n familielid of vriend wat ook geskakel kan word.			
Naam		Tel. (h)	
Tel. (w)		Sel. Nr.	
Huisdokter		Tel. (w)	
Opmerkings Verstrek asseblief enige inligting waarvan ons kennis moet dra			
Allergieë			
Ek/Ons bevestig dat die inligtingstuk rakende die Naskoolsentrum deeglik deurgelees is en dat die finansiële verpligtinge stiptelik nagekom sal word.			
Naam van ouer/voog			
Datum			Handtekening Ouer / Voog